

GRENSE VIR DIE TAALWETENSKAP AAN DIE HAND VAN 'N GEGEWE RAAMWERK

P.S. de Bruyn, Dept. Afrikaans-Nederlands, PU vir CHO

ABSTRACT

In order to study a subject with all its facets will imply, in linguistics, that contexts also have to be taken into account. In order to give a full account of language as a means of communication one also has to pay attention to the use of language. This has the result that the language (speech) act has to be studied carefully by the linguist, because it involves the correlation among speaker, auditor and utterance in language-in-usage.

Daar word vertrek van die volgende definisie van Duvenage (1981: 29) om te probeer vasstel waar en, indien wel, hoe grense vir die taalwetenskap aan te dui is:

“ ’n Christelike wetenskap is die resultaat van die ken- en denk-aktiwiteit van die Christenwetenskaplike wat in verbondenheid aan sy geloof in God Drie-enig en sy Woord hom met behulp van gepaste metodes rig op ’n bepaalde ondersoekgebied as onderdeel van die skeppingswerklikheid, met die doel om te kom tot ’n afgeronde, gefundeerde, sistematiese en betroubare geheel van kennis wat die ondersoekgebied in sy konteks met die hele skeppingswerklikheid beskryf, verstaan en verklaar, en wat aan die beheersing van die skepping diensbaar is”.

Die definisie is omvangryk en betrek baie komponente. Slegs enkele daarvan word hier op die voorgrond geplaas en as vertrekpunt gebruik. Die res daarvan bly belangrik maar word nie hier pertinent in die kalklig geplaas nie. Die aandag word hier toegeep op die wetenskaplike met sy oortuiging en sy denkraamwerke, so ver as die ondersoekgebied binne die konteks van die groter werklikheid val.

As daar na denkraamwerke vir die taalkunde gekyk word, is die TGG onder andere baie prominent. Dit is algemene kennis dat die TGG verskeie aanpassings gemaak het om ’n geskikte plek vir die semantiese komponent te vind. Dit is ’n wysiging waarvoor daar begrip is. Selfs Chomsky (1977: 102) sê. “ . . . we should like the syntactic framework of the language that is isolated and exhibited by the grammar to be able to support semantic description, and we shall naturally rate more highly a theory of formal structure that leads to grammars that meet this requirement more fully”.

Koers, 48(2) 1983

Grense vir Taalwetenskap

Die vraag wat mens jou moet afvra, is of enige beskrywing van taal wat hom nie ook met betekenis bemoei nie, volledig is. Deur *betekenis* by te bring word daar nader gekom aan die totale werklikheid. As daarna gestreef word om die mens, ook ten opsigte van sy taal, volledig te ken, is dit onvermydelik dat daar gekyk sal word na *kontekste* waarin die taal voorkom. Dit beteken dat as daar onder andere op die verhouding van spreker teenoor hoorder (gebruiker teenoor interpreteerder) ingegaan word, die wyse en besonderhede van die kommunikasie ook aandag moet kry.

Die term *gebruiker* word met opset hier ingebring, want nou kom die term *gebruik* ter sprake, en dit voer die saak wat betekenis betref, 'n trap verder en sny die terrein van die pragmatiek onder andere aan — hierop word later teruggekom.

Die mikrovlak (vgl. Duvenage, 1981: 30) onderskei vir die taalkunde 'n aantal studieterreine, waaronder die fonetiek en fonologie, morfologie en sintaksis. Dit is egter veral die semantiek en wat daarmee saamhang wat hier onder die loep kom. Dit sou gerieflik wees om te sê dat die grens van die taalkunde dus-kant die semantiek getrek moet word, sodat die semantiek nie deel van die grammatika van 'n taal moet wees nie. Om die semantiek as deel van die grammatika te beskou moet daar dus sekere motivering wees (vgl. Akmajian e.a. 1979: 228 e.v.). In die *taalkunde* word die semantiek oor die algemeen beskou as die studie van betekenis in taal, terwyl dit in die *logika* beskou word as die studie van verwysing in die taal. Die verskil is eintlik slegs met betrekking tot nadruk: op die lang duur moet 'n geskikte semantiese beskrywing van natuurlike taal beide feite van betekenis en feite van verwysing opteken. Wat beantwoord moet word, is watter feite van betekenis en watter feite van verwysing vir die semantiek van belang is. Dit gaan om wat betekenis is en wat verwysing is en hoe die teorieë van betekenis en verwysing lyk.

Hierdie vrae, en veral die antwoorde daarop, voer mens dieper in die semantiek in. Dit is egter só dat die semantiek nie so maklik as die fonologie en sintaksis afgebaken kan word nie.

Die semantiek was nie altyd prominent in die moderne linguistiek nie. Argumente wat aangevoer word om semantiek as deel van die grammatika te beskou, is dat as grammatika die kennis beskryf van iemand wat sy taal vlot praat (sy linguistiese vermoë — 'competence'), dan is alles wat so 'n spreker van sy taal weet, 'n volwaardige deel van die beskrywing van daardie taal. As dit die geval is, is dit maklik om die beskrywing van betekenis as 'n essensiële deel van die beskrywing van 'n spreker se linguistieke kennis te beskou. Dit kan soos volg toegelig word:

De Bruyn

- 1.1 Die volgorde van klanke in *sak* het betekenis maar *ksa* nie.
- 1.2 Die volgorde van die woorde *hout die kap* het nie betekenis nie maar *kap die hout* wel.
- 1.3 Die woorde *bank* en *vlieg* is meerduidelig.

Van iemand wat die feite in 1.1 — 1.3 nie weet nie, sou nie gesê kan word dat hy vlot Afrikaans praat nie, omdat hy nie eens in staat sou wees om tussen betekenislose en betekenisvolle klankvolgordes te onderskei nie. Daarom moet die beskrywing van 'n taal 'n komponent bevat van wat sprekers van die semantiek van hulle taal behoort te weet. As die kennis wat iemand (wat sy taal vlot praat) oor sy taal het, as motivering tel om fonologiese en sintaktiese feite in die grammatika van daardie taal in te sluit, dan moet dieselfde oorweging die insluiting van semantiese feite in die grammatika van daardie taal motiveer.

'n Algemener oorweging kan ook as motivering dien om die semantiese in die grammatika van 'n taal in te sluit: taal word dikwels gedefinieer as 'n konvensionele kommunikasiesisteam, 'n stelsel om boodskappe oor te dra. Hierdie kommunikasie kan slegs slaag omdat sekere klanke of vorms sekere betekenis het. Om hierdie stelsel (taal) te karakteriseer sal dit nodig wees om hierdie betekenis te beskryf. Dit is die rede waarom dat as 'n grammatika 'n taal beskryf, 'n deel daarvan betekenis moet beskryf, en daarom moet dit ook semantiek bevat.

Sonder verdere oorwegings word dit as redelik aanvaar dat semantiese inligting deel van 'n grammatika is.

Sodra aanvaar word dat 'n semantiese teorie sekere feite het om te beskryf, moet bepaal word watter feite dit is.

Watter soort inligting staan in die middelpunt vir die beskrywing van die semantiek van 'n taal? Omdat in die semantiek die besluit om 'n sekere verskynsel in die bestek van die betrokke teorie in te sluit die hele karakter van die teorie sal beïnvloed, word na 'n enkele verskynsel gekyk wat normaalweg as semantiek beskou word.

BETEKENIS

In Afrikaans kan die woord *beteken* op 'n aantal wyses gebruik word:

- 2.1 Die prestasie *beteken* iets (het waarde).
- 2.2 Die optrede van die regering *beteken* volle burgerskap vir almal (sal die resultaat hê).

Grense vir Taalwetenskap

- 2.3 Sonder reëlmaat *beteken* oefening niks (is die gevolg).
- 2.4 Bly van die gras af: dit *beteken* jy (verwys na).
- 2.5 Hy het sy werk verloor en dit *beteken* hy sal moet gaan soek (impliseer).
- 2.6 Lexington *beteken* jy hoes jou dood (het die gevolg).
- 2.7 Wolke *beteken* reën (is 'n teken van).
- 2.8 Sloer *beteken* om dinge uit te stel.
- 2.9 Wat hy gesê het, het *beteken* dat ons moet loop.

Omdat elkeen van die gebruike behalwe 2.8 en 2.9 met ander woorde as *beteken* geparafraseer kan word, word *betekenis* gereserveer vir die twee gevalle wat nou die twee belangrike soorte betekenis tipeer, naamlik sprekerbetekenis en linguistiese betekenis.

SPREKERBETEKENIS EN LINGUISTIESE BETEKENIS

Sprekerbetekenis (bedoeling) stem met linguistiese betekenis ooreen in sover as die spreker letterlik praat. By nie-letterlike spraak bedoel die spreker iets anders as wat die woorde beteken. Die nie-letterlike maniere waarop 'n mens kan praat, is bv. skertsend (ironies of sarkasties), waarby die teenoorgestelde bedoel kan word van wat gesê word. So kan mens ook byvoorbeeld oordryf of metafories praat. Sprekerbetekenis kom later uitdrukliker ter sprake — dit word hier genoem, hoofsaaklik om dit apart te hou.

Dit is duidelik dat 'n grammatika van 'n taal nie kan voorspel wanneer sprekers nie-letterlik sal praat nie, dit wil sê met hulle woorde nie bedoel wat dit in die taal beteken nie. Dit sou met ander woorde moeilik bereikbaar wees.

Oor die algemeen gesproke is die linguistiese betekenis van 'n uitdrukking bloot die betekenis of betekenis van daardie uitdrukking in die een of ander vorm van die taal. So kan daar 'n verskil wees in die betekenis van 'n uitdrukking in die standaardtaal teenoor een of ander dialek of idiolek. Vergelyk die woord *kwaad* in die volgende sinne:

- 3.1 Die man is *kwaad* vir sy kinders.
- 3.2 Daar het *kwaad* in die wond gekom.
- 3.3 Die meisie is 'n regte *kwaad* kat.

De Bruyn


Vergelyk ook *blare* in die volgende:

3.4 Die boom verloor sy *blare*.

3.5 Daar is *blare* /*blase* in sy hande van die harde werk.

3.6 Jy skuld my 'n honderd *blare* /*skille* vir die werk.

Die volgende figuur (vergelyk Akmajian, 1979: 232) behoort die verwickeldheid van betekenis as sodanig te illustreer:



Hier word nie verder op die vereistes vir 'n geskikte semantiese teorie van 'n taal ingegaan nie, maar daar word gekyk na die sogenaamde *sprekerbetekenis* en so geprobeer om nader te kom aan betekenis-in-gebruik. Die volgende kry nie hier aandag nie: *die verwysingsteorie*, wat kan lui:

Die betekenis van elke uitdrukking is die werklike voorwerp waarna dit verwys, sy *referent*. So word hier ook nie aan die *mentalistiese teorie* van betekenis aandag gegee nie:

Die betekenis van elke uitdrukking is 'n idee geassosieer met die uitdrukking in die denke van sprekers.

Dit wil voorkom of sprekerbetekenis tuis hoort by die teorie van *betekenis-in-gebruik*, wat neerkom op:

Die betekenis van 'n uitdrukking word deur sy gebruik in die taalgemeenskap bepaal.

Grense vir Taalwetenskap

Die hoofprobleem met die teorie *betekenis-in-gebruik* is dat die tersaaklike begrip van *gebruik* gepresiseer moet word en die teorie moet noukeurig aandui hoe betekenis met gebruik verbind is.

Al wil dit voorkom asof die saak oor wat kommunikasie is, nog lank nie afgesluit is nie, word vervolgens nader ingegaan op taalgebruik en linguïstiese kommunikasie soos dit onder die term *pragmatiek* saamgevat word.

Hier word die aandag bepaal by die gebruik van taal as instrument tot menslike kommunikasie. Spraak is een van die algemeenste kenmerke van menslike interaksie, maar waarom sou 'n taalkundige hom met *taalgebruik* bemoei as hy 'n taal beskryf? Presies wat is hierdie verskillende gebruike van taal, veral die in die middelpunt tot kommunikasie? Sulke vrae dien as inleiding tot pragmatiek as onderwerp en 'n poging om dit met 'n informele teorie te beantwoord voltooi daardie inleiding.

Die rede om pragmatiese inligting in 'n grammatika in te sluit, sluit by die semantiek aan. Daar is reeds die opvatting dat *taalgebruik* die basis vir semantiek sal verskaf: dus sal die deel van die pragmatiek wat hom met *betekenis* en *verwysing* bemoei, deel van 'n grammatika wees.

'n Tweede rede vir die insluiting van pragmatiese inligting in 'n grammatika is om die linguïstiese vermoë ('competence') van 'n vaardige spreker na te gaan. As 'n spreker nie die volgende inligting ken nie, sou hy nie as 'n vaardige spreker beskou kan word nie:

- 4.1 *Hallo* word gebruik om te groet.
- 4.2 *Tot siens* word gebruik om afskeid te neem.
- 4.3 Die frase *daardie tafel* kan deur 'n spreker gebruik word om na 'n spesifieke tafel te verwys.
- 4.4 Die frase *'n tafel* kan deur spreker gebruik om na enige tafel te verwys.
- 4.5 *Suiker, asseblief* word gebruik om sekere suiker te vra.
- 4.6 *Hoe oud is jy?* word gebruik om na iemand se ouderdom te vra.
- 4.7 *Wat maak mens as jy by 'n kamer inkom?* word gebruik om iemand te vra om 'n deur toe te maak.
- 4.8 (Ek belowe) *ek sal daar* wees word gebruik om te belowe, ens.

Wat is die doelstellings van en die bewering wat die pragmatiek maak?


De Bruyn

Om die vraag te beantwoord moet daar onderskei word tussen die gebruik van taal om iets te doen en die gebruik van taal in die doen van iets. As gekyk word na wat mens met taal doen, kom dit wat mens in 'n besondere situasie met woorde doen, onder die soeklig: daar word toegespits op die bedoelings, voornemens, gelowe en begeertes van 'n spreker as hy praat — as hy taalhandelinge uitvoer ('speech acts'). Die studie van taalhandelinge word as die hoofsaak van die pragmatiek beskou, en daarom word daarop gekonsentreer en later net verwys na die ander terreine wat nou by die pragmatiek aansluit, sonder om in besonderhede daarop in te gaan.

As na die gebruik van taal gekyk word, beteken dit dan (hoofsaaklik) die kategorisering van die aard en verskeidenheid van taalhandelinge.

TIPES TAALHANDELINGE

Diegene wat oor taalhandelinge teoretiseer, maak gebruik van Austin se terminologie, wat verder deur Searle in 'n uitvoerige bespreking bevestig is. Die verdeling van taalhandeling in onderafdelings kan soos volg geïllustreer word:



Uitingshandelinge (lokusiehandelinge) dui bloot op die uiting van klanke, sillabes, woorde, frases en sinne van 'n taal. Omdat die uitingshandeling op sigself nie kommunikatief is nie, is dit uit die oogpunt van die taalhandeling nie baie interessant nie — dit kan deur 'n bandopname, 'n papegaai ens. uitgevoer word. Die hoofbelangstelling in uitingshandeling is daarin dat in die uitvoering daarvan 'n illokusiehandeling en/of 'n perlokusiehandeling geuit word. 'n Illokusiehandeling is 'n handeling wat in die uiting van iets uitgevoer word, en 'n handeling wat 'n effek by die hoorder veroorsaak.

Grense vir Taalwetenskap

Voorbeelde van illokusiehandelinge kan wees:

bedank

belowe

vertel

rapporteer ens.

'n Belangrike kenmerk van 'n illokusiehandeling is dat dit uitgevoer kan word deur slegs die korrekte *eksplisiete performatiewe* sin te uit, met die korrekte bedoelings en geloof en in die korrekte situasie. Die volgende sinne voer die illokusiehandeling van *beveel*, *belowe* en *voorspel* respektiewelik uit:

- 5.1 Ek beveel jou (hiermee) om te speel.
- 5.2 Ek belowe jou (hiermee) ek gaan jou help.
- 5.3 Ek voorspel (hiermee) dat dit gaan reën.

'n Volgende kenmerk van illokusiehandelinge (anders as perlokusiehandelinge) is dat dit in die middelpunt van linguistiese kommunikasie is. Enige normale gesprek is in 'n groot mate saamgestel uit stellings, suggesties, versoeke, voorstelle, begroetings ens. As mens wel perlokusiehandelinge uitvoer, soos byvoorbeeld om te oortuig of te intimideer, doen jy dit deur illokusiehandelinge soos stellings of dreigemente uit te voer.

'n Ander en baie belangrike kenmerk is dat die meeste illokusiehandelinge (anders as perlokusiehandelinge) wat vir kommunikasie gebruik word, met welslae uitgevoer kan word deurdat mens slegs die illokusionêre bedoeling herken. As ek byvoorbeeld sou sê

Abott is 'n aap

en my hoorder sou daardeur bewus word dat ek aan hom probeer sê dat Abott 'n swak bokser is, het ek daarin geslaag om dit oor te dra, en my hoorder het my verstaan. As ek egter probeer om daarmee my hoorder te oortuig dat Abott 'n swak bokser is, is dit nie voldoende dat my hoorder daarvan bewus word nie: hy moet ook glo dat Abott swak is. My hoorder sal die bedoeling herken maar sal nie noodwendig daarvan oortuig wees nie.

Perlokusiehandeling word getipeer as handelinge wat uitgevoer word deur iets te sê. Veronderstel A sou alles glo wat B sê, dan sou 'n uiting soos

Abott is 'n aap

De Bruyn

deur A B oortuig dat Abott 'n swak bokser is. Ander voorbeelde van perlokusiehandeling is:

ompraat

kul

aanspoor

ammuseer

irriteer

inspireer

verveel

ens.

Belangrike kenmerke van perlokusiehandeling is dat hulle (anders as illokusiehandeling) nie uitgevoer word deur eksplisiete performatiewe sinne te uit nie. Die perlokusiehandeling byvoorbeeld om te oortuig word nie uitgevoer nie deur 'n uiting soos:

* Ek oortuig jou (hiermee) dat Abott 'n swak bokser is.

Dit is verder duidelik dat perlokusiehandeling te doen het met die *resultaat*, die *effek* van uitingshandeling en illokusiehandeling op die gedagtes, gevoelens en optredes van die hoorder. So kan perlokusiehandeling voorgestel word as 'n illokusiehandeling van die spreker (S) plus die uitwerking daarvan op die hoorder (H).

6. S vertel + H glo . . . = S oortuig H dat . . .

As daar weer gekyk word na illokusiehandeling soos bewering, vraag en versoek, sal opgemerk word dat daar 'n oorvleueling kan wees van wat beweert, bevraagteken en versoek word. Vergelyk die volgende uitings:

7.1 Abott klop Coetzee (stelling)

7.2 Abott klop Coetzee? (vraag)

7.3 Abott, klop Coetzee! (bevel/versoek)

Aldrie bestaande illokusiehandeling het te doen met Abott wat Coetzee klop, en dit word die proposisionele inhoud van die illokusiehandeling genoem. Soos in 7 geïllustreer, kan verskillende soorte illokusiehandeling dieselfde proposisionele inhoud hê.

Grense vir Taalwetenskap

Die eenvoudigste soort proposisionele inhoud word uitgedruk deur handeling van *verwysing* en *predikasie*, waar 'n spreker na iets verwys en dit dan karakteriseer: as 'n spreker sou sê

Abott is moeg,

poneer hy daarmee die stelling dat Abott moeg is. In die ponering van die stelling voer die spreker ook die proposisionelehandeling uit van verwysing na Abott met die naam *Abott* en die karakterisering van hom met die predikaat *is moeg*.

Die vier hoofipes taalhandeling is hiermee geskets: die uitingshandeling (lokusiehandeling), die illokusiehandeling, die perlokusiehandeling en die proposisionele handeling. Hierdie handeling sou in interessante onderafdelings en op verskeie wyses verdeel kan word. Dit word egter nie hier gedoen nie.

Onderafdelings en aanverwante sake waarop daar veel gesê is en nog veel gesê kan word, is die voorkoms van die performatief, eksplisiete en implisiete taalhandeling, die verwantskap van die implisiete performatief met die perlokusiehandeling, gesprekvoorwaardes, implikasie en vooronderstellings.

Dit is uit dit alles duidelik dat die pragmatiek nie maklik met idealisering kan werk nie — dit gaan juis in op die ingewikkeldheid / die kompleksiteit van 'n werklike situasie. Idealisering het die waarde dat daaromheen ander teorieë in verband met werklike situasies gevorm kan word. Idealisering kan as 'n brandpunt beskou word van 'n navorsingsprogram wat uiteindelik tot 'n sistematiese en bygewerkte teorie kan lei. 'n Teorie van idealisering moet beskou word as die plek waar alle linguïste mekaar behoort te ontmoet om die eenheid van die dissipline te bewaar, en nie die plek waar hulle van mekaar moet wegbreek nie.

Met die semantiek en die pragmatiek skuif die grense van die taalkunde uit na plekke wat nog nie duidelik is nie — dat daar 'n ontsaglike studie voorlê om dit te bepaal, is seker.

Perlokusiehandeling word gesien as die terrein waar daar in die toekoms nog baie oor gesê gaan word — dit is waarskynlik die plek waar die taalkundige en die letterkundige die naaste aan mekaar gaan kom.

De Bruyn

BIBLIOGRAFIE

AKMAJIAN, A. e.a. *reds.* 1979. *Linguistics. An introduction to language and communication.* Ney York MIT Press.

CHOMSKY, N. 1972. *Syntactic Structures.* Den Haag: Mouton.

DE BRUYN, P.S. 1979. *Buitesintaktiese faktore in die semantiek van oppervlaktestrukture in Afrikaans.* (Ongepubliseerde D.Litt.-tesis. U P).

DUVENAGE, B. 1981. *Roeping en wetenskap.* Potchefstroom: Pro Rege.

SEARLE, J.R. 1974. *Speech acts. An essay in the Philosophy of Language.* Cambridge : University Press.

SEARLE, J.R. e.a. *reds.* 1980. *Speech act theory and pragmatics.* New York : Reidel.

URMSON, J.O. en SBISA, M. 1976. *J.L. Austin. How to do things with words.* Oxford : University Press.